# ATKV-betrekkings

## ATKV-hoofkantoor

## IT-ontwikkelaar

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie en het ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde persoon om as IT-ontwikkelaar by die ATKV-hoofkantoor in Randburg diens te verrig.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

**Vereistes**

- Matriek (graad 12) met wiskunde en wetenskap.
- Minimum 1 jaar ondervinding met ReactJS.
- Minimum 1 jaar ondervinding met C# (Asp.net).
- Ten minste 3 jaar ondervinding in ontwikkeling.
- SQL: MSSQL (T-SQL), MySQL, PostgresSQL, Firebase, verslagdoening (SSRS, Crystal) en ontwerp.

**Voordelig**

’n IT-graad of gelykwaardige sertifisering.

**Vaardighede**

- C#, Javascript, Typescript.
- Databasis-skriptering en -bestuur (MSSQL, MySQL, MongoDB).
- .NET-, React-, ASP.Net Core- en Node.js-raamwerke.
- Ontwikkeling van RESTful APIs en Progressive Web Apps (PWAs).
- ETL-prosesse, dataintegrasie-werkvloei en data-analise.
- Vertroudheid met verslagdoening- en BI-instrumente (PowerBI, SSRS).
- Begrip van DevOps, CI/CD-pyplyne en Git/GitHub.
- Ondervinding met Agile-metodologieë, *sprint*-beplanning en die betrekking van belanghebbendes.

**Vernaamste verantwoordelikhede**

- Webontwikkeling en -administrasie
- Ontwikkeling van mobiele en rekenaartoepassings
- Stelselbloudrukontwikkeling
- Ontwerp-argitektuur
- Projekbestuur
- Gebruikersaanvaardingstoetsing
- Stelselintegrasie via SQL of API
- Databasisontwerp

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV na:

ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za

ATKV, Posbus 4586, Randburg, 2125

Sluitingsdatum: **30 Junie 2025**

Gebruik asseblief die volgende as verwysing: **HKIT05**

**Indien jy 4 weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.**